Resensies

Giliomee, Hermann & Schlemmer, L. 2006. **'n Vaste plek vir Afrikaans: taaluitdagings op kampus.** Stellenbosch: Sun Press.
(*Annemarie Beukes*) 177

Burger, Willie, *red*. 2006. **Die oop gesprek: N.P. van Wyk Louw-gedenklesings.** Pretoria: LAPA Uitgewers.
(*Wium van Zyl*) 180

Van Rensburg, Frans. 2006. **Die Tsotsi-evangelie: o Mri vannie padkamp.** Pretoria: LAPA Uitgewers.
(*Marlies Taljard*) 182

Bos, Stef. 2006. **Ja!** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*Heilna du Plooy*) 184

Johannes van Jerusalem. 2006. **Eros ontbind.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*Salomi Louw*) 186

De Kock, Leon. 2006. **Gone to the edges.** Pretoria: Protea Boek House.
(*Marlies Taljard*) 189

Gibson, Louise. 2006. **Vergifnis.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*Gretel Wybenga*) 191

Resensies

Afrikaans as voertaal en wetenskapstaal aan Suid-Afrikaanse universiteite

Giliomee, Hermann & Schlemmer, L. 2006. **'n Vaste plek vir Afrikaans: taaluitdagings op kampus**. Stellenbosch: Sun Press. 262 p. Prys: R89,95. ISBN: 1-920109-16-1.

Resensent: Annemarie Beukes
Departement Linguistiek en Literatuurwetenskap,
Universiteit van Johannesburg

Die gesprek oor die rol van die inheemse tale as voer- en wetenskapstale in hoër onderwys het onlangs in omvang en diepgang verhewig. Een van die subtekste in die gesprek is die aanname dat internasionale mededingendheid slegs bewerkstellig kan word as onderrig en navorsing deur medium van Engels sou plaasvind. Die gevolg hiervan is dat die kollig nie juis skerp val op die Afrikatale en hulle potensiaal al dan nie om uitnemendheid in onderrig en navorsing in die hand te werk nie. Die lot van Afrikaans aan histories Afrikaanse universiteite (HAU's) en die demografiese "druk" van eietydse Suid-Afrika dat hierdie instellings meertalig moet wees om, ter wille van transformasie, gelyke toegang ook deur Engelsonderrig te bied, het dié gesprek, soos gevoer deur Afrikaansprekende akademici en -aktiviste, grootliks oorheers.

'n Vaste plek vir Afrikaans: taaluitdagings op kampus verskyn in 2006 te midde van ander mylpale in die taal-in-onderwysdebat, soos die belangwekkende Conference on Bilingual Education and the Use of Local Languages wat in Augustus 2005 in Namibië gehou is ('n poging om die taal-in-onderwysgesprek sterker te fokus op die rol van die inheemse tale en eiesoortige Afrikawaardes ten einde

optimale leer en onderrig te bewerkstellig); die *Supplementuitgawe: Moedertaalonderrig* van die *Tydskrif vir Geestewetenskappe* (Junie 2006) en dan ook die omstrede boek vroeg in 2006 deur die toenmalige rektor van die Universiteit van Stellenbosch, Chris Brink, *No lesser place: the taaldebat at Stellenbosch*, waarin sy siening van die plek van Afrikaans in dié universiteit onder die loep kom.

'n Vaste plek vir Afrikaans is 'n verslag van 'n ondersoek na die stand van Afrikaans as taal van onderrig en navorsing by Suid-Afrikaanse universiteite wat Giliomee en Schlemmer in 2005 en 2006 in opdrag van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns uitgevoer het. Die skrywers situeer die kwelvraag of daar vir Afrikaans 'n werkbare, volhoubare toekoms as voer- en onderrigtaal aan Suid-Afrikaanse universiteite kan wees teen die problematiek van taalinteraksie en -handhawing in internasionale verband.

Benewens 'n bondige oorsig van die hegemonie van Engels met die gepaardgaande verdringing van inheemse tale in die globale samelewing en 'n beskrywing van hoe die demografiese en politieke landskap van hoër onderwys in Suid-Afrika sedert 1994 die taalbeleid en -praktyk bepaal, gee die boek 'n uitvoerige uiteen-setting van die voertaalbeleid aan die vyf tradisionele HAU's, naamlik die Universiteit van die Vrystaat, die Noordwes-Universiteit, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Johannesburg en die Universiteit van Stellenbosch. Dié uiteensetting beslaan sowat 70 bladsye en gee deur die ryk aanbod van 'n vervlegting van beskrywing en persoonlike onderhoude met Afrikaanse akademici gestalte aan die "dramatiese kreeftegang" (p. vii) van Afrikaans op die meeste van hierdie kampusse. Giliomee en Schlemmer staan krities teenoor die beleid van "taalvriendelikheid" soos dit op die kampusse van die meeste van hierdie HAU's toegepas word. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat so 'n beleid Afrikaans in 'n "glybaan" plaas sodat die taal "binne twee dekades onder die middelklasse slegs as 'n intieme gesins-, klets- en kombuistaal (sal) oorbly" (p. 191-192). Die leser kom hierdeur ook onder die indruk van die (onomkeerbare) aard van een van die ernstigste verliese wat Afrikaans ly, naamlik die aansienlike daling in die gebruik van Afrikaans as wetenskapstaal in akademiese dissertasies en publikasies.

'n Belangrike uitgangspunt van Giliomee en Schlemmer is hulle beklemtoning van die belang van die skoolvoertaal as 'n voedingsbron vir hoër onderwys. Die skrywers se argumente in dié verband en hulle waarskuwings dat ontoereikende taalbestuur die posisie van Afrikaans "voortdurend ondermyn" (p. ix), staan dié leser

helder voor die gees met die debakel om die behoud van die status van die Hoërskool Ermelo as ’n enkelmedium Afrikaanse skool. Ten tye van die skryf van hierdie resensie is hierdie saak pas op die spits gedryf deur die ingryping van die Minister van Onderwys.

In transformasieverband voer die skrywers aan dat alle akademici met wie onderhoude gevoer is “entoesiasme getoon (het) vir ’n beleid wat die HAU’s in staat sal stel om transformasie en bemagtiging met Afrikaans as voertaal te bevorder” (p. x).

Giliomee en Schlemmer voer aan: “om oor Afrikaans te skryf, en veral oor die kwessie van onderrig in die medium van Afrikaans op universiteitsvlak, is omstrede” (p.1). ’n Mens sou daarby kon voeg dat om oor die snelle kreeftegang van ’n jong onderwys- en wetenskapstaal te lees, deprimerend is. ’n Beeld van demografiese “dwang”[1] en politieke dienstigheid en die daarmee gepaardgaande bedenklike taalbestuur deur HAU’s wat die kreeftegang klaarblyklik in die hand help werk het, is van die blywende indrukke waarmee hierdie leser gelaat is met die lees van Giliomee en Schlemmer se werk.

’n Vaste plek vir Afrikaans lewer ’n belangrike bydrae tot die gesprek oor die wenslikheid van die gebruik van Afrikaans as voertaal. Die pogings van diegene wat ’n vaste plek vir die taal in die universiteitswese wil verseker, behoort veral te baat by ’n verrekening van die volgende stellings deur die skrywers:

- Afrikaans dra by tot die instandhouding van Suid-Afrika se kulturele diversiteit.
- Afrikaans lewer ’n groot bydrae tot die verinheemsing van kennis.

Geraadpleegde bron

SMIT, F. 2007. Statistiek van studente in die hoër onderwys. Referaat voorgedra by die Tweede Nasionale Taalberaad, gehou by die Universiteit van Pretoria, 23-24 Februarie 2007.

1 Uit ’n demografiese oogpunt beskou, is die verandering in die samestelling van die studentebevolking by die HAU’s onlangs as die vinnigste ter wêreld beskryf (Smit, 2007).

N.P. van Wyk Louw

Burger, Willie, *red*. 2006. **Die oop gesprek: N.P. van Wyk Louw-gedenklesings**. Pretoria: LAPA Uitgewers. 485 p. Prys: R150,00. ISBN: 0 7993 3705 6.

Resensent: Wium van Zyl
Universiteit van Wes-Kaapland

"Die literêre verdienstes van N.P. van Wyk Louw lê definitief nie in sy dramatiese oeuvre nie", besluit Luc Renders (p. 432). Mark Sanders vind oor Louw se veelgeroemde rol as intellektueel dat hy nooit Plato se grot verlaat en werklik filosoof geword het nie: "He knows the truth, he thinks. He can clarify. But if we are still in the dark, so is he" (p. 480). Hulle het eintlik geen goeie woord oor hom nie.

Renders (2002) en Sanders (2005) tel onder die resente deelnemers aan die RAU/Universiteit van Johannesburg se jaarlikse N.P. van Wyk Louw-gedenklesings, gebundel in *Die oop gesprek* onder redaksie van Willie Burger. Dit volg op *Die oopgelate kring* (1982) waarin die eerste elf lesings (vanaf 1971) gebundel is. Die 23 lesings in die nuwe publikasie dek die tydperk 1982-2005. In sy voorwoord noem Burger dat dit in die digter se honderdste geboortejaar uitgegee word om hom as figuur te gedenk, maar ook om in ooreenstemming met die lesings "by te dra tot 'n kritiese en openhartige 'oop gesprek', tot 'n intellektuele lewenshouding" (p. i).

Stuur hierdie "gesprek" hom nou so langsamerhand na die verdoemenis? André P. Brink (2003) wys inderdaad op 'n "benouende" "gees van apatie" onder die jonger generasie ten opsigte van Louw en sy werk; 'n afwesigheid van "lojale verset" daarteen, wat ook literêre vernuwing kortwiek (p. 433). Antjie Krog (2004) voer dit verder. Hoewel sy self in haar jeug baie aan sommige van sy poësie ("diep, deftig en weldeurdag", p. 447) gehad het en geïnspireer is deur sy betrokkenheid by die samelewing, skiet hy tekort as dit kom by die "transformatiewe letterkunde" en die eise wat die jeug tans moet verwerk. Hy "was die digter van afskeiding, die aristokraat, die suiweraar". Sy "wit agterkleinkinders" het inmiddels egter 'n genre (eerder rockmusiek en bittercomix as poësie) en nuwe temas "oopgeveg", weg van afskeiding (p. 464). Louw het irrelevant geword.

Die fel "herwaardering" word eintlik aangevoor deur Herman Giliomee (2001) wat "deur die lens van 'n historikus" na onder meer Louw se opstel "Die ewige trek" kyk. Dit gaan veral oor sy siening van kritieke oomblikke in die Afrikanergeskiedenis op weg na volkswording, krisissituasies waar daar 'n "volkome ewewig van argumente" was en slegs "geloof en fanatisme" die deurslag gegee het. Giliomee vind dat "Louw se konsepsie van 'n 'volkome bewuste Afrikaner' en ook die formulering van die keuses (…) omtrent heeltemal anachronisties" is (p. 384). Hy voer sy kritiek verder, maar verwerp terselfdertyd Sanders (rassisme) en Gerrit Olivier (nazisme) se kritiese konstruksies in hulle proefskrifte oor Louw.

Voorheen het Richard van der Ross ("Onvoldoende liberalisme", 1986) Louw byvoorbeeld nie gespaar nie, maar tog ook vriendelik-terugskouend sy dilemma aangedui: "Hy het te vinnig gedink vir sy mense, die Afrikaners, en hy was uit voeling met die pas van al die mense in die land" (p. 82). Die meerderheid vroeëre lesings begin egter met 'n buiging na Louw as grootse figuur. Elize Botha noem hom "die grootste essayis in die Afrikaanse letterkunde" (p. 1), Willem de Klerk wil hom uit skatpligtigheid tot sy eie denke "pa" noem (p. 17), J.C. van der Walt vind dat hy "ons kultuurlewe in die wydste sin van die woord verryk het" (p. 52), ensovoorts. 'n Groot verskeidenheid invalshoeke kom na vore: die joernalistiek, regswetenskap, opvoedkunde, kuns, en so meer. Hoewel alle bydraes vir my nie ewe boeiend is nie, sou 'n mens dit selde wou gemis het. Hans du Plessis en Johan Combrink s'n het as voordragte waarskynlik goed geslaag, maar stik van herhalings wat nie werk in essay-vorm nie. Letterkundiges soos A.P. Grové en Réna Pretorius sorg vir knap bydraes tot hulle vak.

Die lesings bied ook 'n interessante barometer van indertydse kontekste. Met die opkoms van die postmodernisme wil Pretorius (1990) aantoon dat Louw se werk in *Tristia* ook reeds daarby aanklank vind. Pieter J. Maree (1998) vind dit weer nodig om te noem dat Louw op sy generasie 'n groot invloed gehad het, omdat hulle "nog nie postmodernisties moeg en oud" (p. 332) was nie! F.F. Odendal (1987) kap na kollegas wat begin dink Afrikaans is 'n "verleentheid" (p. 103) en andere wat meen die taal was voorheen in 'n "keurslyf" en dat daar nie plek vir "loslit-, kaalvoet-Afrikaans" (p. 108) was nie. Brink striem die ouer kritici wat skerp op Jackie Nagtegaal se *Daar's vis in die punch* gereageer het (p. 446).

Dit is jammer dat die boek nie 'n bietjie duursamer uitgegee kon word nie. Daar is ook heelwat ontsierende drukfoute. *Die oop gesprek* is egter wel 'n werk wat iedereen wat meer as bloot 'n

oppervlakkige belangstelling in Louw se werk het, op sy rak sou wou sien. Dit is ’n onmisbare onderdeel in die resepsiegeskiedenis van hierdie oeuvre wat vir Suid-Afrika belangrik is.

Tsotsi-Afrikaans as Bybeltaal?

Van Rensburg, Frans. 2006. **Die Tsotsi-evangelie: o Mri vannie padkamp**. Pretoria: LAPA Uitgewers. 112 p. Prys: R70,00.
ISBN: 0 7993 3631 9.

Resensent: Marlies Taljard
Skool vir Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

In *Die Tsotsi-evangelie* het Frans van Rensburg ’n eerste geskep wat etlike maande na sy verskyning reeds byna volksbesit geword het – ’n feit wat waarskynlik onder andere toegeskryf kan word aan sy optredes by kunstefeeste en ’n CD deur gospelsangeres Belia Lourens. Dit gesê, is reeds ’n belangrike aspek rakende die aard van die teks aangesny. *Die Tsotsi-evangelie* is in wese geskryf om op- en uitgevoer te word. Vader Frans Claerhout se eenvoudige illustrasies (sy laaste opdragwerk) verleen ’n besondere dimensie aan die boek en spreek op eiesoortige wyse in die teks mee deur Claerhout se tipiese verplasing van die Bybelgegewe na die milieu van die nederiges of die “pieperiges”. Ook LAPA Uitgewers verdien ’n pluimpie vir hierdie keurige publikasie, veral wat teksversorging betref. In ’n teks soos hierdie, waarin Tsotsi-Afrikaans vir die eerste keer in druk verskyn, is konsekwentheid van spelling en grammatika beslis nie altyd vanselfsprekend nie.

Die struktuur van die teks is interessant in dié sin dat dit op postmoderne wyse ’n verskeidenheid tekste en genres saamgevoeg het. Die basiese gegewe – die Matteus-evangelie – word telkens op ’n ander vlak van abstraksie aangebied: die eerste afdeling is ’n kreatiewe verwerking van die Bybelverhaal in Tsotsi-Afrikaans, die straattaal met Afrikaans as basis wat voor 1976 algemeen in plekke soos Alexandra, Sophiatown en Marabastad gepraat is. Daarna word aspekte van die Evangelie in liriese poësie aangebied vanuit die perspektief van “straatmense” en ten slotte word die Christus-verhaal op allegoriese wyse aangebied soos gesien vanuit die perspektief van die moegperd (donkie).

Aanvanklik is dit ’n skok om Jesus te hoor praat in die taal van die padkamp: “Ekke kom nié om peace te bring, marrie panga.” ’n Mens wil-wil protesteer teen dié disrespekvolle woorde wat Hom in die mond gelê word, maar met die lees, wat vergemaklik word deur ’n woordelys agter in die teks, duik al hoe meer juweeltjies op. Jy lees hoe Jesus deur Satan versoek word: “As Kgosi die Laaitie van God is, wip af! Da’s mos getrek: Hy sal Hom skoonwerkers mission gjee ...”, en jy besef al lesende: engele is “skoonwerkers”, die samekoms na ’n begrafnis is “after tears”, ’n ryk mens is ’n “gelaaide mens”, mense wat trou, “Katz en Lurie”. Die saligsprekinge kry skielik nuwe betekenis as dit lui: “Galikkig is dié wat soebat, ‘cause mot hille sal saggies gewerk wort.’” Omdat Tsotsi-Afrikaans nooit as Bybeltaal of selfs as religieuse taal gebruik is nie, moes baie woorde en uitdrukkings nuut geskep word, en in dié vernuwende taalgebruik en kreatiewe metaforiek lê myns insiens die bundel se vernaamste verdienste.

Vernuwende taalgebruik geld beslis ook die tweede afdeling van die bundel met sy lirieke wat aansluit by dié in die “O Mri”-teks wat deur die “padmaker”, die “sidekicks” (dissipels), “moegperd” en die “laaitie” gesing word as kommentaar op die handeling.

Tipies van die liriekvorm, funksioneer baie van die gedigte op die beginsel van parallelisme en koppeling. In die gedig “Lifeboy”, word die washandeling drievoudig uitgebeeld in die aanvangstrofes wat slegs in die noem van die liggaamsdeel wat gewas word, verskil: “Na die slaan van die ysters / splash die moldate / hille handes [wanges / manyandi’s] / mot lifeboy vannie Corner Shop” en dan die meerduidige slot: “Djesis Hy’s alife my boy, / and living in the Corner Shop”. Dieselfde resepmatige struktuur kom ook voor in talle ander lirieke, soos “Man alone”, “Judas”, “Da’s lawaai” en “Die drie Marias”. Sommige van Van Rensburg se lirieke is egter kameë in eie reg wat metaforiek en transposisie na die township-ruimte betref, maar ook in die verrassende perspektief op bekende gegewens.

Die laaste afdeling, “Moegperd”, is die verhaal van die klein donkie wat Jesus in Marabastad indra (“Hoe dog jy kan jy wat Moegperd is Hom khera?”) en wat telkens moet “kalaa” wanneer die taak vir hom te moeilik word: “Help my, Jirre, vat my”. Ofskoon dié afdeling “Virrie kleinkies” geoormerk is, het dit duidelik ’n allegoriese subteks waarin Moegperd ’n dubbelganger van Jesus word. Claerhout se sestien donkie-sketse speel in dié afdeling ’n besondere rol in die uitbeelding van die uiteenlopende emosies wat die gewillige klein Moegperd op sy moeilike tog ervaar.

Verkoopsyfers dui aan dat Van Rensburg homself met hierdie teks reeds stewig gevestig het in die gewilde mark. As onpretensieuse werk waarin eenvoud spréék, kan dié boek aanbeveel word by lesers, oud en jonk, as stimulerende eietydse perspektief op die immer-gewilde Matteusverhaal.

Gedagtes in musikale taal

Bos, Stef. 2006. **Ja!** Pretoria: Protea Boekhuis. 89 p.
Prys: R150,00. ISBN: 1-920042-03-2.

Resensent: Heilna du Plooy
Skool vir Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

In België, waar hy bekender is as in Nederland, word die sanger en liriekskrywer Stef Bos beskou as ’n groot ster. Sedert die middel negentigerjare het hy, na ’n ontmoeting met Johannes Kerkorrel en die aanklank wat hulle by mekaar gevind het, by verskeie geleenthede in Suid-Afrika getoer en ook verskeie projekte in samewerking met Suid-Afrikaanse kunstenaars aangepak. Volgens eie getuienis het die aanvanklike bekoring wat Suid-Afrika vir hom ingehou het, verdiep tot ’n liefde vir die land, ’n plek waar hy voel dat hy homself kan wees en nogtans aanvaar word as ’n andersoortige onderdeel van die kulturele landskap.

In 2002 moes Bos vir ’n tyd ophou sing omdat hy sy stem tydelik verloor het. Hy het toe besef dat skryf die natuurlike voortsetting was van dit waarmee hy besig was . So het sy eerste digbundel *Gebroke Zinnen* (2004) ontstaan. In dié bundel verskyn die gedigte saam met werke van die Suid-Afrikaanse skilderes Marianna Booyens. Die bundel was die eerste publikasie in ’n beplande reeks van vyf boeke waarin Bos beplan om met kunstenaars in ’n verskeidenheid style en genres saam te werk. Die laaste boek sal geskied in samewerking met ’n beeldhouer.

Die bundel *JA!* wat in 2006 by Protea Boekhuis verskyn, is oorspronklik gepubliseer by Uitgeverij Lannoo in België. In dié bundel word die verse geplaas saam met werke van die beeldende kunstenaar Eric de Bruyn.

Die tekste bied hulleself binne ’n bepaalde raamwerk aan, ’n raamwerk wat suggereer dat die gedigte binne ’n wyer konteks gelees moet word, minstens saam met die kunswerke. Bos se agtergrond as liedjieskrywer sal waarskynlik by die meeste lesers ook op die leesproses inspeel. Hy werk inderdaad graag gelyktydig met verskillende style en genres, ook op sy CD’s en optredes en “muziekavonden”. Van die verse in *JA!* sê Bos die volgende: “Ik schreef ze om gelezen te worden of voor te lezen tijdens voorstellingen. Ze werden geboren zonder muziek in het achterhoofd. Liever dan gedichten noemde ik het ‘gedachten’. Gedachten die hun eigen vorm bepaalden, zinnen die niet noodzakelijk ritme of rijm zochten.”

En dit is die gedigte dan ook inderdaad – gedagtes wat heel natuurlik vloei en ontwikkel en so deurgegee word. Wat opval, is juis die natuurlike ritmes – Bos se musikale aanvoeling speel sekerlik hierin ’n rol, want ritmies vloei die verse besonder goed. Hy werk met ’n tematiek wat nie ingewikkeld is nie, inteendeel, dit gaan om die basiese en dus ook die groot vraagstukke van die lewens van gewone mense, soos die liefde en daarmee saam hartstog, verlange, afskeid en nostalgie; eensaamheid, angs en die dood; die onherbergsaamheid van die wêreld, oorlog en geweld; die onverstaanbaarheid van dinge en die betekenis van dinge in die wêreld, waarheid en leuen, geluk en smart. Daar is verse oor die mens as soeker en ook oor woorde en musiek wat op ’n bemoeienis met die kunstenaarsaktiwiteit as sodanig dui. Die metaforiese spektrum sluit in die natuur, riviere, die see, die hemel, die wolke, maar ook water, vuur en lig.

Bos skryf op sensitiewe wyse sy “gedagtes” neer en sal die hart en emosie van vele lesers so bereik. Dit is geen klassieke of groot poësie nie en wil dit ook nie wees nie. Hy vertel dat diskussies oor wat literatuur is hom nie interesseer nie en dat dit vir hom veel meer om die inhoud as om die vorm gaan. Die sake waarmee hy hom bemoei hou inderdaad telkens verband met dit wat waardevol is vir mense. Dit is die medemenslikheid in vele gedaantes wat hom besiel en dit is duidelik dat die skrywer hom van ’n waardesisteem bewus is in wat hy ervaar en skryf. Wat wel waar is, is dat die verse in Afrikaans minder geslaagd is as dié in Nederlands. Dit toon weereens hoe ’n mens se aanvoeling is jou eerste taal altyd fyner ingestel en meer sekuur is.

Dit lyk my of ’n mens hier te make wat met wat soms genoem word goeie populêre poësie – verse wat diepsinnig genoeg is om te boei en van betekenis te wees sonder om kompleks, intellektueel

uitdagend, duister of veeleisend te wees. Veral is dit belangrik dat Bos se verse goed afgerond is en musikaal besonder sag op die oor val, waarskynlik omdat hy as sanger en musikant met sy oor skryf en al skrywend reeds hoor hoe die woorde voorgelees kan word.

Eric de Bruyn se bydrae tot die boek is kunswerke in eie reg met ’n eie sowel as ’n aanvullende betekenis tot die woordteks. Hy werk met letters en beeldmateriaal wat grafies opgebreek, verbrokkel of herhaal word. Op dié manier bereik hy werklik interessante effekte. Die onvermoë om geluk, liefde of wat ook al direk en volledig te ervaar, word visueel ondersteun deur die gebroke letters van die titels en visuele woordtekste. Soms word ’n woordteks met ander beeldmateriaal gemeng in ’n verwerking wat wedersyds kommentaar lewer op mekaar, maar ook vrae oproep. Die herhaling van veral foto’s waarvan hy gebruik maak, laat my dink aan die herhalende aard van die geheue wat saamhang met nostalgie en verlange na mense en dinge wat verbygegaan het.

JA! is ’n mooi boek wat binne sy eie raamwerk benader moet word en lesers sal daaraan veel plesier kan hê.

Geraadpleegde bronne:

http://www.jp-teksproduksies.com Datum van gebruik: 17 Mei 2007.
http://www.litnet.co.za Datum van gebruik: 17 Mei 2007.
http://www.popinstituut.nl/biografie/stefb_bos.3022.html Datum van gebruik: 17 Mei 2007.

En hadde de liefde niet

Johannes van Jerusalem. 2006. **Eros ontbind**. Pretoria: Protea Boekhuis. 101 p. Prys: R130,00. ISBN: 1-86919-131-5.

Resensent: Salomi Louw
Skool vir Tale,
Universiteit van Limpopo

Wanneer ’n bekende mitologiese figuur se naam in die titel van ’n publikasie voorkom, verwag ’n mens vanselfsprekend dat dié figuur se eienskappe die oorwegende tema van die werk sal vorm. In *Eros ontbind* is dit dan ook die wellus of sinlike liefde wat aan die bod kom.

Daar is deurgaans verwysings na verskeie vorms van "ontbinding" soos in die titel gemeld: ophef of tot niet maak; tot niet gaan; verrot of vergaan; los- of vrymaak; … opbreek; … verweer; of verdeel (volgens *WAT XI*).

In die heel eerste gedig ("klokke lui", p. 7) is daar verwysings na 'n "sagte bleek lyk", "ontbinding", "verleidelike verrotting" en "ferment", wat weerklank vind in koors en siekte, soos in "Hier is 'n psalm van Mnemon" (p. 73) en "Die siekes" (p. 79), maar ook in "Dit sal jou doodmaak, 'n mooi vrou" (p. 53), en die verwysings na die siekte van ons tyd:

> I do not
> want to come
> inside you.
> I just
> want to kiss you
> and touch
> your secret parts.
>
> This is called Love
> in the Age of Disease (p. 54).

(Twee Engelse gedigte is ingesluit.)

Die eerste gedig, wat begin met "dis die begrafnis / van eros", sluit aan by die laaste gedig ("kyk" p. 98) wat eindig met "net om dan / te beswyk". Die verwagting van 'n heggestruktureerde bundel word (verkeerdelik) hierdeur gewek. Die verse word in vyf ongelyke dele aangebied; vier hiervan het inskripsies soos byvoorbeeld Deel IV:

> A mushroom
> Is a mountain
>
> I take a walk (p. 69).

Hierdie inskripsies het nie noodwendig 'n verband met die verse in die besondere deel nie.

Die gedigte is met enkele uitsonderings in 'n vrye vorm geskryf, met min bindmiddels buiten 'n opvallende gebruik van eindrym in die laaste twee reëls van sommige gedigte in Deel V: "die / lewe / is 'n vrou, / dis waar 'n man / die lewe sit / in die nou / vou" en "dit / en daarin / sit jy in" (p. 88); en "om die knie te buig teen die krag / wat gemaak word van die Groot Wag" en "… dans Eros los / wat so lief is vir die bos" (p. 90). Die bydraes in Deel V kom voor as flardes idees wat nog nie gestol het nie en bestaan uit so min as 'n enkele

reël ("die dood laat my hart klop"; p. 90). Verbrokkelde beelding versterk die indruk van ondeurdagtheid: in "oerdele" ("/ se reuk / riviermodder"; p. 89) word byvoorbeeld gepraat van "olie / uit die buike / van afgeleefde enjins" en die verband met "modder", "sediment", "afdrifsels" of "lyf" ontwyk my. Die ontwikkeling van beelding in "Dans" (p. 90) ontgaan my ook:

> Dans
> sodat jou knieë sterk kan word
> sodat jy stewig kan staan
> op hierdie wiegende skip
> dans
> dat jy die aarde diep
> onder die water kan voel
> dans met 'n hark
> met 'n besem met 'n vurk
> dans gehurk
> as jy diep steek met die graaf
> dans braaf deur die vrees
> dans jouself hees soos jy sing
> om die moed aan te bring (p. 90).

Met die taalgebruik skort daar niks; daar is selfs raak uitdrukkings soos die "rooiberg" wat benoem word as "opgehewe letsels van die tyd" (p. 95). Dit is egter onduidelik waarom sommige gedigte van hoofletters en leestekens gebruik maak en ander nie. Dit is nie asof leestekengebrek 'n verdieping in vertolking bring nie; trouens, die gedigte is almal eenvlakkig.

Aandag word gegee aan verdowingsmiddels en die gevolge daarvan. In "Mnenon" (p. 20) word gepraat van "gedroogde blomme / uit groen Amsterdam", "Meksikaanse paddastoele", "bobbejaantousnuif / uit die Amasone" en "die pitte / … / wat visioene bring". Dan rol "Hafiz" 'n noot "en snuif die geheime / van Colombo op" – wat alles uitloop op ongebreidelde seks in die skunnige Deel I – en verder speel dagga en ander dwelmmiddels 'n rol in die drome/nagmerries waarvan die spreker bely. "Tik-tik-tik sny hy nagte lank / sy wit poeiers" (p. 33) sodat "Mnenon" (die manlike vorm van Mnemosyne wat die geheue verteenwoordig) kan vergeet of miskien juis sy sekskepades kan onthou. In hierdie gedig is daar ook sprake van Helena, Hafiz en Mnenon wat saam baldadige seks het en ook sodomie word verwoord.

Die meeste gedigte in die bundel handel oor die seksdaad en dit word sonder eufemisme aangebied. Woorde soos "ballas", "piel", "poephol" en "kont" word sonder huiwering gebruik – laasgenoemde

vyf keer op p. 50-51. Dit versterk juis die "ontbinding" en "verrotting", die "tot niet maak" van liefde. Die banaliteit, selfs brutaliteit van die aanbieding in hierdie bundel het beslis 'n gevoel van afkeer van sinnelike genot by hierdie leser laat ontstaan.

Dit is moeilik om te bepaal wie die eintlike teikenontvanger van hierdie bundel is.

Die segskrag van die woord in klankmatige relasies

De Kock, Leon. 2006. **Gone to the edges**. Pretoria: Protea Book House. 66 p. Price: R90,00. ISBN: 1-86919-132-3.

Resensent: Marlies Taljard
Skool vir Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Leon De Kock se bundel *Gone to the edges* getuig van dieselfde sensitiwiteit vir die presiese segkrag van die onvervreembaar korrekte woord wat ook spreek uit sy vertaling van Marlene van Niekerk se *Triomf* in Engels, 'n werk waarvoor hy in 2000 die SAVI-toekenning vir Voortreflike Vertaling ontvang het.

Die voorblad, met sy illustrasie van 'n man van wie die hare soos deur 'n sterk wind agtertoe gewaai word, 'n donker vierkant waar die hart veronderstel is om te wees, 'n rooi aarbei wat op dieselfde hoogte as die leë hart in die lug hang en 'n (heilige?) koei, verskaf 'n interpretasiesleutel tot die lees van die digbundel met sy metafore van hart, bloed, die aanroer van heilige koeie en ander kwessies wat met die titelidioom "gone to the edges" geassosieer kan word. Die bundel bevat meestal Engelse gedigte en vier gedigte in Afrikaans. Die laaste twee gedigte in die bundel is onderskeidelik vertalings van Marais se "Diep Rivier" en "Winternag". Eersgenoemde val vir my plat, hoofsaaklik omdat die sterk metriese inslag van die Afrikaanse gedig in die vertaling deur te veel heffinge naby mekaar versteur word én vanweë 'n te direkte vertaling. Die vertaling van "Winternag", waarin die oorspronklike rympatroon op vindingryke wyse gehandhaaf word, vind ek meer sensitief.

Uit die inhoudsopgawe blyk dat die bundel in twee hoofkategorieë uiteenval, naamlik "After the death of marriage: 2003-2004" en "From the inside: 1998-2002" – as't ware 'n reis in die verlede in. Wanneer dit dus vir die leser lyk asof daar teen die einde van die bundel vloei kom in omstandighede wat aan die begin blykbaar in emosionele konflik bly vassteek, is dit niks minder as oëverblindery nie – in werklikheid het die harmonie van die verlede omgesit in emosionele verwarring en dissonans. Dié gegewens ontluister die maklike aanname dat die probleme van die lewe neig in die rigting van 'n bevredigende oplossing en bevestig die problematiese en ongestruktureerde aard van die lewe, een van die hooftemas van die bundel.

Die bundel begin met 'n klompie gedigte waarin die onsekerheid en ongesentreerdheid van die sprekende ek ondersoek word. Dit word gedoen deur die gebruik van metafore van versteurde balans en die onstabiele verhouding van die liggaam ten opsigte van die grond: "I have gone to the edges / the many edges / and now I'm half-falling / half-standing / crouching to let my blood / catch my head" (p. 9). Die meeste van die gedigte in hierdie afdeling verwys op een of ander manier na die hart of na bloed, sonder om egter sentimenteel of soetsappig te wees. Dikwels kom die hart-metafoor in samehang met ander vleis-metafore voor, soos in "Why he hates her": "She took his heart / and butchered it / but not before / many years / of seasoning" (p. 26).

Die tweede afdeling bevat enkele gedigte waarin die vader-kind-verhouding ondersoek word en 'n hele aantal gedigte wat handel oor die mens en sy verstriktheid en sy onvermoë om die nou te transendeer ten einde die groter opset van die lewe te sien. Hier is die gedig "Bird, trapped" (p. 53) een van my persoonlike gunstelinge. In hierdie gedig kulmineer al die verwysings na die mens as gevangene en "this rage / ... against / all the failure / in his short life" (p. 50) in die pragtige beeld van die voël wat in 'n skoorsteen vassit. Die gedig "Scientist of my moods" (p. 51) lei die tema van gevangenskap in met sy aanhef: "Every morning I fight for my life" wat in "Bird, trapped" in 'n ander toonaard as die voël se oorlewingstryd voortgesit word:

> If only he would let himself fall
> If only he stopped flying against the walls
> If only he let go of his muscles
> He would fall to the bottom
> Walk free ... (p. 53).

’n Tema wat aansluit by die gekompliseerdheid van (liefdes)-verhoudings, is dié van vloei en verstopping, van terughou en skop teen die prikkels: “... I thrash against the folds of this dream ... I am held from my other life / by this life of betrayal / grief and guilt” (p. 56). Die suiweringsproses is ’n integrale deel van dié toestand: “What matters is the act of cleaning” (p. 61). Hierdie reinigingsproses geskied onder andere deur middel van die woord: “Then a river breaks inside me ... And my clotted gut uncoils / As the river of white melting / Flows in me like dissolving words” (p. 60).

Alhoewel dit aanvanklik mag lyk asof die bundel primêr persoonlike ervarings verwoord, slaag die digter meestal daarin om nie in die spesifieke te bly vassteek nie. Trouens, ’n mens sou selfs kon aanvoer dat baie van die gedigte mank gaan aan emosionele deurleefdheid en selfs klinies aandoen. Maar dan moet terselfdertyd toegegee word dat De Kock se vermoë om die segkrag van die woord maksimaal uit te buit, om klankmatige relasies tussen woorde uit te bou tot verrassende ooreenkomste op semantiese vlak en die afgerondheid van sy verse, van hierdie bundel ’n besondere leeservaring maak.

Gibson, Louise. 2006. **Vergifnis**. Wellington: Lux Verbi.BM. 131 p. Prys: R84,95. ISBN: 0 7963 0460 2.

Resensent: Gretel Wybenga
Clarens

In die uitgewersbrief word *Vergifnis* beskryf as ’n “historiese roman”, maar die plasing binne die Romeinse Ryk funksioneer hier bloot as voertuig vir ’n vooropgestelde doel.

In die motto spel die skryfster dié doel uit: “Mag vergifnis deel van u lewe wees. Vergifnis maak vry en bring heling. Dis my bede dat Solon en Helena se verhaal vir u tot inspirasie sal dien.” Hierdie verhaal trap die tema van Christelike vergifnis snuif en stuur pylreguit af op die gladiator, Solon die Verskriklike, se bekering en vergewing van sy aartsvyand, Gaius Maximus.

Solon word uit sy gevangeneskap vrygekoop deur die jong Christenvrou, Helena, suster van die einste generaal Gaius Maximus. Gaius se laaste wens is om aan Solon vergifnis te vra vir die feit dat hy sy hele familie voor sy oë uitgeroei het. Om te verseker dat Solon se jong broertjie, Nicolis (aangeneem deur

Gaius!) nie van hulle weggeneem word nie, stel Helena ’n voorwaarde by sy bevryding – dat Solon met haar trou.

Inderdaad bevat dié roman “al die bestanddele van ’n opregte liefdesverhaal” (uitgewersbrief), maar dan in die tradisie van die verstrooiingsroman. Helena is ’n prototipe van die tipiese heldin. Behalwe dat sy as “lieflik en rein” (p. 52) beskryf word, is sy ook “die een oomblik sag, warm en uiters vroulik en die volgende oomblik die ene dapper tierwyfie …” (p. 33). In pas met dié genre is sy soms ook kinderlik hulpeloos, sodat Solon genoeg kans kry om haar te koester én te wys wie regtig baas is (o.a. p. 125).

Solon word tot vervelens toe beskryf as ’n “blonde reus” met “asuurblou oë”. Pure spiere maar ook sag van hart. In die tradisie van die ligte liefdesverhaal, is hy ook by meer as een geleentheid Helena se brawe redder uit die kloue van die dood.

Ook die tegniek van uitstel, soos hanteer binne dié genre, het die skryfster onder die knie. Gedurende hulle lang reis terug na Ravenna neem Solon herhaaldelik Helena se “mond gevange” (p. 34) wat haar klokslag ”na haar asem laat snak” (p. 24). Maar die volvoering van die huwelik word tot by breekpunt uitgestel. Die leser voorspel dis net ’n kwessie van tyd, en voel in meer opsigte beloon as die moment jouwaarlik uiteindelik aanbreek.

Dieselfde voorspelbaarheid kenmerk die res van die roman. Die leser wéét dat Solon hom sal bekeer, dat hy vir Helena sou liefkry en uiteindelik sou kans sien om Gaius Maximus te vergewe, soos wat ’n sekere Naomi hom vergewe het vir die dood van haar man in die arena en soos wat Christus hom vergewe het.

In plaas daarvan dat slegs die oortuigingskrag van Christus se kruisdood vir Solon beweeg tot vergifnis, was Helena se dreigement om hom te verlaat deurslaggewend (p. 129; ook p. 117). So word die Christelike tema juis ondermyn. Met haar dreigemente manipuleer Helena meermale vir Solon én die koers wat die gebeure inslaan (p. 10, 65).

Uit bogenoemde blyk dit alreeds dat die cliché hoogty vier in hierdie roman. Daarby is die dialoog meermale onnatuurlik styf (o.a. middel van p. 99, onderaan p. 105). Enkele taalfoute kom voor en anglisismes soos “Stop dit! (o.a. p. 98, 123) en “met ’n blondekop driejarige seuntjie *opgeëindig* het” (p. 96; kursivering – GW).

Desnieteenstaande en ongeag sal hierdie poging vele lesers vind. Geseënd is die skrywer met ’n ideale leser!